KEN ONS VELDBLOMME

# DIE VRYSTAAT SE PROVINSIALE BLOM



L. Zietsman

Mense wat deur die Vrystaat reis slaak soms 'n sug van verligting sodra hulle die vaal mielievlaktes agterlaat en in 'n ander provinsie aanland.

Tog word die rustige en meer oplettende toeris asook die geswore Vrystater, keer op keer verstom deur die blommeprag wat die Vrystaatse vlaktes kort-kort in 'n oorvloed optooi. Dit is veral die lelie-agtige blomme wat sommer net op een goeie somersdag na 'n goeie reënbui so reg onder jou voete opslaan en jou dan oorweldig met hul eenvoud en skoonheid.

In hierdie reeks word gekyk na die veldblomme wat in die Vrystaat aangetref word en wat met groot sukses in tuine aangeplant kan word. Dalk inspireer dit mense om rond te kyk en ander plante wat selde genoem word ook raak te sien.

Dit is dus van pas om die reeks met die blomembleem van die Vrystaat te begin: *Crinum bulbispermum.* Hierdie pragtige bolplant is algemeen as die Oranjerivierlelie bekend omdat dit die eerste keer op die oewers van die Oranjerivier versamel is. Tog kom *C. bulbispermum* in die Vrystaat, Transvaal, Natal, Noord-Oos Kaap, Swaziland en Lesotho voor.

Die genus *Crinum* behoort aan die familie Amaryllidaceae. Daar is 21 *Crinum* spesies wat wyd versprei in Suid-Afrika, uitgesonderd die Kaapse Skiereiland, voorkom. Crinums of vleilelies groei meestal in sand of swart kleigrond in laagliggende gebiede waar reënwater saamloop, langs rivieroewers en selfs in damme en panne.

Die bol van die Oranjerivierlelie word taamlik groot, tot meer as 13 cm in deursnit. Die blare is donkergroen, gevou, tot 11 cm breed en 60 cm lank. Die blare oorvleuel aan die basis by die bol om 'n vals stingel te vorm. Die blaarrande is gegolf met baie fyn tandjies. Die blare sterf in die winter af en groei in die somer weer uit.

Die bloeisteel verskyn aan die kant van die blare en word 50 cm tot 1 m lank. Die bloeiwyse is 'n skerm waarop 6 tot 16 trompetvormige blomme gedra word. Die blomkleur wissel van wit, ligpienk tot donkerpienk. In die middel van elke kroonblaar verloop 'n donkerder pienk streep.

Die Oranjerivierlelie blom van Oktober tot Desember. Naby Glen Landboukollege kan hulle na 'n goeie bui reën in die somer as 'n pienk plaat op die oewer van die Modderrivier gesien word.

Die naam *Crinum bulbispermum* is afgelei van *krinon* = lelie, bulbus = bol, sperma = saad. *Bulbispermum* verwys dus na die sade wat 1-2 cm in deursnit is en soos klein bolletjies lyk. Die plante groei maklik van saad maar dit neem 3 tot 4 jaar voor hulle blom. Om die sade te ontkiem kan hulle netso droog in 'n donker houer geplaas word. Na sowat 'n maand het die saadjie 'n worteltjie gevorm en die saad kan dan direk in die grond geplant word.

*Crinum bulbispermum* is gehard. Die plant floreer indien dit baie water in die groeiseisoen kry en kan selfs in water groei maar die bolle moet in die winter redelik droog gehou word.

Hierdie pragtige plant is enige tyd 'n groot aanwins in 'n tuin en hopelik is daar eersdaags heelwat meer Vrystaters wat met hierdie blomembleem van die Vrystaat in hul tuine kan spog.


**BIBLIOGRAFIE**

ELIOVSON, S. 1980. (6th ed.) *Wild flowers of southern Africa.* Hong Kong: Dai Nippon Printing Co. Ltd.

LETTY, C. 1962. *Wild flowers of the Transvaal.* Johannesburg: Central News Agency.

VERDOORN, I.C. 1973. The genus *Crinum* in Southern Africa. *Bothalia* 11: 27-52.